

STEMMIGE STREPE

foto RENÉ LOEVENDIE

Ontwerp deur June Farren vir die Pingouin Studio

BENODIGDHEDE: Pingouin Geisha (50-g-bolle); 2(3) bolle blou (A); 2 bolle per grootte wit (B) en geel (C); paar breinaalde van 3,25 mm en 4 mm.

Let wel: Tensy genoemde gare gebruik word kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir voltooide kledingstuk aanvaar nie.

MATE: Om borsmaat van 81-87 (92-97) cm te pas; lengte vanaf skouer 59 cm.

SPANNING: Spaar tyd deur tyd aan 'n spanningstoets te bestee. 26 ste en 34 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 4-mm-Ne.

AFKORTINGS: R – brei regs; aw – brei awereg; st(e) steek (steke); N(e) – naald(e); pat – patroon; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; gl – glip; vlg – volgende; alt – alternatiewe; herh – herhaal; oorbl – oorblywende; gv – gare vorentoe; grn – gare rondom naald; gr2tgso – glip 1 st, brei 2 ste tesame; trek gs oor; rgw – rifsgegewys; rif – riffelsteek, r2, aw2; RK(VK) – regte (verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante.

PATROONSTEEK

1e ry: R1, *r3, aw1*; herh van * tot * tot laaste st, r1.

2e ry: R1, *r1, aw3*; herh van * tot * tot laaste st, r1.

3e ry: R1, *gvt, gr2tgso, grn, aw1*; herh van * tot * tot laaste st, r1.

4e ry: Soos 2e ry

Dié 4 rye vorm pat.

VOOR- en AGTERPANT (dieselfde):

Stel 80(86) ste met 3,25-mm-Ne en A op en brei 12 cm rif, vermeer 26(28) ste eweredig gespaseer oor laaste ry – 106(114) ste.

Slaan oor na 4-mm-Ne en beg pat, brei streepvolgorde soos volg: 12 rye B, 12 rye C en 4 rye A.

Brei strepe soos uiteengesit tot werk 18 cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.


Vermeer 1 st aan beg en einde van vlg ry en daaropvlg 6e rye, 4 keer altesaam – 114(122) ste.

Brei reguit voort tot werk 30 cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

Mouvorming: Vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en daaropvlg 12 alt rye – 140(148) ste.

Hou pat deurlopend en brei reguit tot werk 52 cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry.

NA BLADSY 93



SAG EN BETOWEREND

*Dié ongewone trui kan met
of sonder moue gedra word
om by elke geleentheid te pas.*

*Knoop die moue vas vir 'n def-
tiger voorkoms, of neem hulle
weg as jy dit dié dag verkies*

BENODIGDHEDE: Ongeveer 26(26; 30; 30) bolle JanPaul Barnard Erina (25-g-bolle); breinaalde van 5,50 mm en 6,50 mm; 12 klein en 8 groot knope.

MATE: Om borsmaat van 81(86; 91; 97) cm lossies te pas; lengte van halsrand van agterpant tot onderkant 56,5 (56,5; 59; 59) cm; mounaat 23 cm.

SPANNING: 12 ste en 17 rye = 10 x 10 cm oor ks, met 6,50-mm-Ne.

AFKORTINGS: R – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); rs – reksteek (elke ry regs); ks – koussteek (1 ry regs, 1 ry aweregs); beg – begin; oorbl – oorblywende; alt – alternatiewe; adl – agter deur lus; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; gl – glip; rif – riffelsteek (r1, aw1adl); RK(VK) – regter (verkeerde) kant van werk; weersk – weerskante.

VOOR- EN AGTERPANT (dieselfde): Stel 46(50; 54; 58) ste met 5,50-mm-Ne op. **Rif-ry:** (r1, aw1adl) tot einde.

Brei rif tot werk 5cm lank is.

Vermeer-ry: Rif 5(3; 5; 4), [vermeer in vlg st, rif 4(5; 5; 6)ste]; herh tot laaste 6(5; 7; 5) ste, vermeer in vlg st, rif tot einde – 54(58; 62; 66) ste.

Slaan oor na 6,50-mm-Ne en beg met 'n r-ry, brei ks tot werk 56,5(56,5; 59; 59) cm lank is vanaf opstelry, eindig met 'n aw-ry.

Halsverdeling: Vlg ry: R17(18; 19; 20), draai en plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

Brei op eerste stel ste soos volg: *Heg 3 ste af aan beg van vlg ry, vermin daarna 1 st aan einde van daaropvlg ry – 13(14; 15; 16) ste.

Brei 1 ry. Heg af*.

Keer terug na ste op reserwenaald.

Met RK voor, gl eerste 20(22; 24; 26) ste op 'n stekehouer, heg gare aan vlg st vas, r tot einde van ry.

Brei 1 ry.

Voltooi soos uiteengesit vir eerste helfte, maar met omgekeerde vorming.

MOUE (2): Stel 48(48; 52; 52) ste met 5,50-mm-Ne op en brei 4 rye rif.

Vermeer-ry: Rif 3(3; 5; 5), (vermeer in vlg st, rif 7) tot laaste 5(5; 7; 7) ste, vermeer in vlg st, rif tot einde – 54(54; 58; 58) ste.

Slaan oor na 6,50-mm-Ne en beg met 'n r-ry, brei 2 rye ks.

Vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en daaropvlg alt rye tot 70(70; 74; 74) ste in gebruik is.

Brei 3 rye reguit vermeer dan 1 st aan weersk van vlg ry.

Brei reguit tot werk 20,5 cm lank is vanaf opstelrand, eindig met 'n aw-ry.

Slaan oor na 5,50-mm-Ne en brei 6 rye regs. Heg af.

HALSBOORDJIE: Werk regterskouernaat toe.

Met RK voor en 5,50-mm-Ne tel op en r 5 ste uit linkerhalsrand van voorpant, r oor halsrand-ste van voorpant wat op stekehouer is, tel op en r 5 ste uit regterhalsrand van voorpant, dan 5 ste uit regterhalsrand van agterpant, r oor halsrand-ste van agterpant wat op stekehouer is, tel op en r 5 ste uit linkerhalsrand van agterpant – 60(64; 68; 72) ste.

Brei 6 rye regs en heg af.

MOUSGATSIERSTROKE (2): Stel 72(72; 76; 76) ste met 6,50-mm-Ne op en brei 6 rye regs. Heg af.

KNOOPSIERSTROKE (2): Stel met 5,50-mm-Ne 4 ste op en brei rs tot strook lank genoeg is om van bokant van riffelboordjie tot skouer te strek. Heg af.

AFWERKING: Moenie pars nie. Werk mousgatsierstroke aan hoofdeel vas, sorg dat middel van opstelrand teenaan skouernaat val, werk daarna synate toe en sierstrooknate in posisie. Werk 6 klein knopies eweredig gespasieer aan elke mousgatsierstrook vas, maak dan knooplusse aan afhegrand van elke mou om ooreen te stem.

Werk opstel- en afhegrande van knoopstroke aan voorpant vas soos op illustrasie gesien kan word; werk dan die groot knope vas, deur albei lae van breiwerk.

Versorging van mohair-trui: Was met die hand in lou water en gebruik 'n vloeibare wasmiddel wat vir wol of mohair getoets is. Druk oortollige water versigtig uit en plaas kledingstuk op 'n handdoek, rol handdoek op en druk nog vloeistof uit. Indien jou wasmasjien op "stadig toldroog" ingestel kan word, kan die opgerolde handdoek daarin geplaas word om verder te droog. Laat kledingstuk daarna heeltemal droog word op 'n oopgespreide handdoek. Moenie 'n tuimeldroër gebruik nie. ●

STEMMIGE STREPE

VAN
BLADSY 91

Halsvorming: Vlg ry: Brei 57(59) ste pat en plaas dié ste op 'n reserwenaald, heg vlg 26(30) ste af en brei pat tot einde.

Brei voort op 57(59) ste op N.

Brei 1 ry pat.

Heg 4 ste af aan beg (halsrand) van vlg ry, 3 ste aan beg van daaropvlg ry, dan 2 ste aan beg van vlg 2 alt rye.

Vermin 1 st aan dieselfde rand in daaropvlg 2 alt rye - 44(46) ste.

Brei reguit tot werk 59 cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry. Heg af.

Heg gare aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi met omgekeerde vorming.

HALSSTROOK: Werk regterskouernaat toe.

Met RK voor en 3,25-mm-Ne en A, tel op en r 180(184) ste, eweredig gespasieer uit halsrand.


Brei 5 rye rif en heg rgw af.

Mousgatstroke: Werk oorbl skouernaat en halsstrooknaat aaneen toe.

Met RK voor, 3,25-mm-Ne en A, tel op en r 140 ste eweredig gespasieer uit mousgatrand. Brei 5 rye rif en heg rgw af.

AFWERKING: Werk sy- en mousgatrandstroke toe. Moenie pars nie. ●

As jy dalk verwag om 'n billike verskeidenheid kosmetiek van internasionale mode- en kwaliteitstandaard in jou naaste supermark te kry...



Dan is jy
heeltemal reg!

Hylén

Kosmetiek

...skoonheidsmiddels wat mens kan bekostig.

Te kry by alle winkels wat die waarde vir geld bied wat jy verwag.